

Beplan vir gevreesde siektes

Laat gesondheid en finansiële welvaart oor aan spesialiste

Nico van Gijzen



Raad met jou rande

Die oorgang tussen 2023 en 2024 was benewens die familielekke nie juis een van die vreugdevolle nie. Vier begrafnisse. En drie nuwe gevalle van kanker tussen vriende. En twee ander reeds op die dophoulyisie.

Wat kon mense anders doen?

Belangriker nog, wat kan jy doen? Jy wat nog iets aan jou finansies (en dalk ook jou gesondheid) kan doen?

Moenie uitstel nie. Nie met vriendesake nie. Nie met gesondheidsake nie. Nie met geldsake nie.

Werkdruk laat verlede jaar het my 'n middagete met 'n oudkollega en vriend laat uitskuif tot in Januarie vanjaar. Min of meer tot die tyd wat ons hom begrawe het. Nou sal dit nooit gebeur nie.

'n Kennis het vir paar dae lank ongemak in haar linkerarm verduur, maar sy het uitgestel om dokter toe te gaan. Sy is sowat twee weke gelede begrawe. Dit was toe 'n vroeë teken van 'n hartaanval.

My uroloog vertel van 'n jong man van 44 jaar vir wie hy net voor Kersfees moes sê dat sy lewensverwachting weens prostaatkanker nie verder as die einde van hierdie maand is nie.

Ek het dit genoem aan 'n paar vriende, om hulle aan te moedig om hulle te laat toets. Onder hulle was toe drie bevestigde gevalle van prostaatkanker, waarvan hulle nie geweet het nie. Twee ander toon reeds probleme.

Gaan gereeld vir mediese toetse

Prostaatkanker is 'n man se siekte. En uit elke agt mans gaan dit kry. Laat jou jaarliks toets.

Die groot gevaar vir vroue is borskanker, die tweede grootste oorsaak van kankersterftes onder vroue (longkanker is die grootste). Gaan gereeld vir jou mediese ondersoek.

Die suster van 'n baie goeie vriendin wou in Junie verlede jaar met my gesels oor finansiële beplanning. Maar sy het toe nooit sover gekom nie.

Kort voor Kersfees is wydverspreide kanker by haar gediagnoseer. Binne 'n paar weke is sy dood daaraan.

Nee, ek is 'n finansiële beplanner, nie



Tyd vir opskud met belastingvrye spaar

Daar is nog net 'n paar dae oor om die belastingtoewings wat beskikbaar is vir belastingvrye spaar te benut.

Die jaarlikse bydrae wat jy mag maak om die voordeel te gebruik, is gekoppel aan die belastingjaar. En dit is einde Februarie.

So as jy oorweeg om 'n paar rand weg te sit waarop daar geen belasting gehef gaan word op die groei nie, doen dit betyds. Doen dit sommer dié week, want dit neem tyd om alles af te handel.

Jy kan R36 000 per jaar op dié wyse spaar. Tot soveel as R500 000 in jou

leeftyd. Die balans in die belegging is nêter sake nie, net die bydrae wat jy jaarliks mag maak.

Man en vrou kan natuurlik elkeen R36 000 per jaar bydra. Al werk een van julle nie vir 'n salaris nie, kan die een eenvoudig geld aan die ander skenk om te belê. Daar is nie geskenkbelasting tussen gades nie. Onthou net, daar is 'n strafbelasting as jy meer as die toegelate R36 000 per jaar spaar. Jy word beboet met 'n addisionele belasting van 40% op die bedrag wat meer is.

Praat met jou finansiële raadgewer.

Nog raad

'n dokter nie. Ek wil nie voorgee dat ek iets aan die kanker sou kon doen nie.

Maar ek het 'n vraag waarmee ek worstel.

Sy had 'n gevreesde-siektepolis by 'n bekende versekeraar. Ek sal nie aan hierdie versekeraar se produkte met 'n tang raak nie. Nie eens met die buurman se tang nie.

As ek haar sake toe oorgeneem het, sou ek gevreesdesiekte-dekking by 'n ander versekeraar aanbeveel het. En sou sy vir 'n verpligte mediese ondersoek moes gaan. En sou die kanker gewys het. En sou sy kon eis teen haar toe bestaande polis. En sou sy dalk selfs betyds behandelings kon kry.

Die "sou" spook nou by my. Moes ek dalk harder probeer het om haar besigheid te kry?

Sy het intussen onwetend van my self besluit om die polis te staak. Die premies het te duur geword. Maar daarmee saam het sy haar dekking verloor. En al haar vorige premies in die water gegooi.

Gevreesdesiekte-versekering is 'n móét

Dis die een tipe versekering wat ek voel elke mens moet hê. Ons probeer almal langer leef, maar hoe langer ons leef, hoe groter is ons kans om 'n gevreesde siekte op te doen. Dink maar aan hartkwale, beroertes, kanker, Alzheimer se siekte en dies meer.

Versekeraars verskil. Hul polis se verskil. Sommige betaal 100% van die versekerde voordeel uit by diagnose. En dan is daar ook die wat uitbetaal volgens jou toestand in die stadium wat jy die eis instel - so bewaar jou as jy eers behandeling ondergaan het en dalk beter geword het voor jy jou eis instel.

Ander betaal net 'n persentasie van die versekerde voordeel, afhangend van die ernstighedsgraad van die siektetoestand. Ek verkies 'n volle uitbetaling. Mediese skemas dek nie alle koste van 'n ernstige siekte én die somtyds lang behandeling wat daarmee gepaard gaan nie.

En op dié noot, pasop ook vir sogenaamde "gap cover". Lees tog jou

kontrak. My vrou wys nou die dag op een wat behandeling vir kanker vir mense bô 65 jaar uitsluit. Dit beteken mos niks.

En dan is daar die polis se met lae premies (en sogenaamde byvoordele soos kredietkaarte en ander snert, wat met jou finansiële risiko's op dees aarde niks te doen het nie).

Die lae premies styg gewoonlik oor tyd. Dit styg skerp as jy ouer begin word, juis die tyd dat jy die grootste kans het om 'n gevreesde siekte op te doen.

Tot by 'n punt waar jy, soos in die geval van die vrou hierbo, uit frustrasie en onbekostigbaarheid die polis kanselleer.

Al daardie premies tot dan is gemors. Laat my dink aan 'n wettige Ponzi-skema, sommige van die goeie.

Pasop vir daal lae premies

Pasop vir lae premies. Die premieslapriem vang jou later. En vang gaan hy jou vang. Beslis.

As jy tog een van hierdie polis se koop het en die premies is nou te hoog, voor jy die polis kanselleer, gaan eers vir 'n volledige mediese ondersoek by 'n internis, nie jou algemene praktisyn nie, om doodseker te maak dat jy nie iets onder lede het waarvan jy nie weet nie en dalk 'n miljoen of wat in die water gooi nie.

Gevreesdesiekte-dekking gaan nie jou siekte voorkom nie, maar dit gaan die gelddruk op jou en, selfs al kan niks gedoen word nie, jou familie help verlig.

Spreek gereeld jou dokter om jou gesondheid te bestuur.

Spreek jou finansiële raadgewer om jou welvaart te bestuur.

■ Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.